MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKKER

R — Respek / Respect
A — Authentic / Oorspronklik
K — Kreatief / Creative
K — Kommunikasie / Communication
E — Entoesiasme / Enthusiastic
R — Responsibility / Verantwoordelikheid

> Doen vandag iets waarvoor jou toekomstige self dankbaar sal wees.

## Uit die Hoof se Kantoor

*"Commitment is an act, not a word"* - Jean-Paul Sartre

Deursettingsvermoë en verantwoordelikheid is van die karaktereienskappe wat ons graag by ons Ridge Rakkers wil kweek. Prakties beteken dit ons moet kinders leer om hul besittings op te pas; om te leer om iets klaar te maak wat hul begin het; om op te daag as jy jou tot 'n aktiwiteit verbind het. Kom ons werk saam om te verseker dat ons kinders hierdie karaktereienskappe reeds van vroeg aanleer.

Graag wil ons, ons ouerkomitee van harte bedank vir ons suksesvolste Valentynsdag nog. Elke leerder en onderwyser het beslis geliefd gevoel. Ons Rakkers het geleer wat die waarde van liefde vir jou medemens is.

Ouers is welkom om ons ouerkomitee met voorstelle te kontak. Ons ouers se stem is vir ons belangrik. Ons herinner u ook dat ons 'n "oop-deur-beleid" volg. U is welkom om enige personeellid via e-pos te kontak vir 'n afspraak.

Vasbyt, aanhou deurdruk tot die einde van die kwartaal.

## INLIGTING

### *EDANA* SELFOONTOEPASSING

*Midstream Ridge Laerskool* maak van 'n selfoontoepassing gebruik om met ouers te kommunikeer. Hierdie kommunikasiemiddel vervang ons vorige sms-metode. Dit is van kardinale belang dat ouers asseblief so gou moontlik die toepassing op hul fone laai om sodoende geen belangrike inligting te mis nie.

LAAI DIE EDANA-TOEP AF

### *TRUTH* KOSSAKPROJEK

*Midstream Ridge Laerskool* en KSM span saam om behoeftige families van maaltye en niebederfbare voedsel te voorsien. Klik asseblief op die onderstaande skakel vir datums waarop hierdie by ontvangs ingehandig kan word. Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

KOSSAKPROJEK

### *YOUNG ENGINEERS*

Klik asseblief op die onderstaande skakel vir meer inligting.

YOUNG ENGINEERS





Ons versoek u vriendelik om ons **OPEDAG** wyd-en-syd te bemark.

- Uitstallings.
- Neem deel aan aktiwiteite.
- Kom luister na ons orkes.
- Een gelukkige graad R-leerder kan sy/haar boekpakket vir 2024 wen.

Kom besoek ons vir meer inligting.
Ons verwelkom u graag.

## ROBOTECH

Daar is 'n nuutgevonde opgewondenheid in die akademie in die skool, wat aan *Robotika* toegeskryf word. *Mistream Ridge Laerskool* is uiters dankbaar teenoor ons direkteure wat hierdie waardevolle toevoeging tot die skool se kurrikulum moontlik gemaak het. Graadeens tot graadsewes, is opgewonde om by die klasse op te daag. Wie weet, dalk is ons besig om 'n volgende generasie ingenieurs en programmeerders op te lei.









## LANDLOOP

Alle leerders van graadeen tot graadsewe is welkom om regdeur die jaar, op Dinsdae en Donderdae, van 13:45 tot 14:30 by die Landloopspan op die pawiljoen aan te sluit.




**CANSA SHAVATHON**
**SATERDAG 25 FEBRUARIE 2023**
**IRENE MALL**

*Midstream Ridge Laerskool* se graadsewes gaan Saterdag die *CanSa Shavathon*-stalletjie by Irene Mall beman. Ondersteun hul gerus!



## 'N BOODSKAP VAN DIE SWEMKAPTEIN

GROOT GOED HET ALTYD 'N KLEIN BEGIN! EK IS AL VAN KLEINS AF BAIE LIEF VIR DIE WATER EN HET SES JAAR GELEDE SAAM MET MY SWEMAFRIGTER BEGIN OEFEN. EK HET BAIE RESPEK VIR HAAR EN SY MOEDIG MY DAAGLIKS AAN OM MY BESTE TE LEWER.

PARTY DAE IS DIT BIETJIE MOEILIKER OM GEMOTIVEERD TE BLY AS ANDER, MAAR EK WERK HARD OM MY DOELWITTE TE BEREIK: MY DOELWIT IS NOU OM 'N SANJ TYD TE SWEM.

ALHOEWEL SWEM 'N INDIVIDUELE SPORT IS, HET EK VAN MY BESTE VRIENDE LANGS DIE SWEMBAD GEMAAK, WAAR ONS SAAM AS EEN SPAN MEKAAR ONDERSTEUN EN INSPIREER!

SWEM VERG BAIE SELFDISSPLINE, HARDE WERK EN DEURSETTINGVERMOË, MAAR DIT HET MY GELEER OM ALTYD NEDERIG TE BLY EN NOOIT MY DROOM TE LAAT VAAR NIE.

WERK HARD IN STILTE EN LAAT JOU SUKSES DIE GERAAS MAAK!

ONS WENS ELKE SWEMMER STERKTE EN GOEIE TYE TOE TYDENS DIE LIGA-GALAS.



#RIDGEGUTS #RIDGETROTS
LIZELLE VENTER